PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

Chemists PLUS apteke
CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

JAARGANG XXXV | NOMMER 18 | 19 SEPTEMBER 1980

# Admin.-gebou amper voltooi

**DIE nuwe administrasiegebou word waarskynlik aan die einde van dié jaar of vroeg in volgende jaar betrek. Die amptelike openingsdatum is egter nog onbekend. Die gebou het ongeveer drie miljoen rand gekos.**



● *Die nuwe administrasiegebou wat waarskynlik teen die einde van die jaar of vroeg in die volgende jaar voltooi sal wees.*

Omdat die huidige gebou nie aan die vereistes voldoen nie en ruimte so beperk is dat personeel oor die hele kampus gehuisves moet word, is in April 1979 met die bou van 'n groter en beter beplande administrasiekompleks begin.

Op die grondvloer van die nuwe gebou is 'n groot saal vir die inskrywing en registrasie van studente. Afdelings wat op studente betrekking het, is op die grondvloer en alle verwante afdelings is nou bymekaar. Studente sal dus nie meer so rondgestuur word nie.

Die kantore van die rektor, 'n raadsaal, 'n senaatsaal met 150 sitplekke en kantore word op die eersteverdieping aangetref. Die gebou het 130 kantore. 'n Daktuin sal ook op die eersteverdieping aangelê word.

Die dak van die gebou bestaan uit glaspanele en die hele gebou het volvloermatte. Net die ingangsportaal het 'n marmervloer. Die gebou het drie hysbakke en 'n lugreëlingstelsel.

Die kelder maak voorsiening vir parkeerruimte, waarvan 'n deel vir besoekers gereserveer sal word.


Dit sal bydra tot die oplossing van die huidige parkeringsprobleem.

Die gebou is met die studentesentrum verbind en die styl daarvan sluit aan by dié van die Frans du Toit-gebou. Saam met die ander gebou vorm dit 'n binneplein op die sentrale kampus. Tuine sal op die terrein rondom die gebou aangelê word.

Indien die gebou betyds voltooi is, sal die registrasie van studente volgende jaar in die nuwe gebou plaasvind.

# Piet lei Polstu

**POLITIEKE denke moet veral op Afrikaanse kampusse gestimuleer word. Polstu moet hierin 'n groot rol speel. So sê mnr Piet Fourie, die nuutverkose nasionale voorsitter van Polstu.**



● *Mnr Pieter Fourie*

Mnr Fourie sê dat die meeste ander kampusse in 'n groter mate by die politiek betrokke is en dat Polstu hom primêr op Afrikaanse kampusse sal rig. Daarvandaan sal daar intensief met ander belangstellende kampusse geskakel word.

Volgens mnr Fourie is daar op die konferensie skerp verskil, maar die gemeenskaplike doelwitte was groter as die verskille. Die verskille kon uitgepraat word en het op goeie besluite uitgeloop.

Mnr Fourie sê hy sal alles in sy vermoë doen om die doelwitte van Polstu te verwesenlik en sodoende sy Christelike beginsels uit te leef.

# Koshuise stel tevrede

**— Hansie Vermeulen —**

**IN 'n omvattende verslag aangaande koshuisaangeleenthede is daar onder meer bevind dat vier-en-veertig persent van die huidige koshuisinwoners aan die PU nader aan 'n ander universiteit of kollege woon waar hulle hul huidige studierigting sou kon volg. Dit blyk ook dat sewe-en-negentig persent gelukkig is met die huidige koshuisomstandighede.**

Dié verslag, wat drie-en-negentig bladsye beslaan, bevat die bevindings van 'n kommissie wat in Junie 1979 deur die Rektor aangestel is. Dit moet nou aan die Raad van die Universiteit voorgelê word vir goedkeuring.

Die kommissie moes 'n intensiewe opname van die huidige koshuisposisie, begeertes en behoeftes van koshuis- sowel as dorpstudente en tendense aan ander universiteite maak. Dié opname moet dien as basis vir 'n omvattende toekomsplan ten opsigte van PU-koshuise vir die volgende vyf, tien of twintig jaar.

Ten opsigte van die huidige koshuisposisie blyk dit dat die persentasie studente in koshuise geleidelik afneem. In 1975 was ses-en-sestig persent van die voltydse ingeskrewe studente koshuisinwoners en hierdie getal het afgeneem tot een-en-sestig persent in 1979. Daar was in Oktober 1979 vierhonderd-agt-en-sewentig plekke oop, terwyl daar in Februarie 1976 vir honderd-agt-en-sestig ekstra plekke voorsiening gemaak moes word nadat koshuise reeds vol was.

Dit wil egter voorkom asof daar by bykans alle Suid-Afrikaanse universiteite 'n afname aan die behoefte aan koshuisinwoning is.

Wat finansiële aspekte betref, is die koshuise in die jongste tyd teen 'n verlies bedryf. Daar is gevind dat klein eetsale nie ekonomies bedryf kan word nie en dat daar oorweging geskenk moet word aan die sluiting van hierdie eetsale. Daar was in 1979 ook 'n groot tekort op geboue en onderhoud, ten spyte daarvan dat daar in hierdie jaar geen noemenswaardige verbeteringe aan geboue aangebring is nie.

In verband met koshuisbewoning is die toekomsverwagting dat daar geen sterk groei vir die PU, soos ook vir ander residensiële universiteite, verwag kan word nie. 'n Geleidelike afplatting vir die tagtigerjare word in die vooruitsig gestel, met 'n daling in 1990 tot 1992. Verskeie redes word hiervoor aangevoer, waaronder groter studentegetalle vir UNISA en die Tegnikons, 'n vermindering in die aantal matrikulante en die feit dat bevolkingsprojeksies vir die blanke bevolking toon dat die fertiliteitskoers van die blanke skerp daal.

Met die oog op hierdie afplatting en die huisvesting van vyfhonderd-en-twintig studente in die twee koshuise wat tans in aanbou is, en ook gesien in die lig van die projeksieverslag dat daar nie voorsiening gemaak hoef te word vir koshuisakkommodasie vir die voorsienbare toekoms nie, het die Direkteur Kampusdienste aanbevelings voorgelê wat, volgens die kommissie, groot besparings sal meebring.

Dié aanbevelings behels onder andere dat Klooster se huur ná 1981 nie verleng moet word nie, Piet Groblerhuis na 1981 vanweë 'n swak struktuur gesloop moet word, en Heimat en Uitspan na 1981 nie langer as gewone koshuise gebruik moet word nie, maar vir 'n ander doel aangewend moet word, omdat hulle strukture nog in 'n redelike goeie toestand is. Nog 'n aanbeveling is dat die Lettie du Plessis-eetsaal gesluit moet word vanweë die geweldige verlies wat in 1979 getoon is.

Hierdie aanbeveling impliseer dat die huidige ses kombuiskomplekse verminder moet word na vier. Volgens die kommissie sal dit 'n groot besparing meebring.

# Gespreksgroep gestig

**— John Potgieter —**

**POLSTU eerbiedig die Christelike beginsels, wat onder andere impliseer dat God se soewereiniteit en die Bybel as Woord van God aanvaar word.**

So lui die aanhef van die grondwet van Polstu soos op die konstitusionele konferensie bepaal is. Die konferensie is op 12 en 13 September in Johannesburg gehou. Die klousule impliseer egter nie dat lidmaatskap net vir Christene voorbehou word nie.

Polstu wil homself ten doel stel om 'n milieu te skep waarin studente op 'n krities-wetenskaplike wyse oor politiek kan redeneer. Die organisasie is primêr op studente gerig en wil tot alle rassegroepe spreek.

## Uitgangspunte

In hierdie politieke gesprek word die volgende uitgangspunte aanvaar:

- Volle Suid-Afrikaanse burgerskap, vir persone wat hier gebore en genaturaliseer het op die grondgebied van die RSA soos op 31 Mei 1961.
- Gelyke ekonomiese en sosiale stelsel en 'n ekonomiese stelsel wat tred hou met die verskeidenheid van praktyke en behoeftes.
- Gelyke politieke seggenskap.
- Vryheid van assosiasie, beweging en spraak.

## Doelwitte

Om hierdie doelwitte te bereik sal as volg te werk gegaan word:

- Polstu verwerp geweld en is ten gunste van vreedsame onderhandelinge.
- Die vereniging verwerp ook gedwonge segregasie en integrasie en erken etnisiteit en identiteit.
- Verkryging van gelyke onderwysgeleenthede.
- Die insluiting van 'n handves vir menseregte in die grondwet van die RSA met 'n soewereine regsbank as gesag hieroor.

## Uitvoering

Die praktiese implikasie en uitvoering van die doelstellings is as volg:


- Die stigting van verenigings op alle belangstellende kampusse.
- Die uitgee van 'n nasionale publikasie asook publikasies van die verskillende kampusverenigings.
- Navorsing op seminaarbasis wat die beskikbaarstelling van beurse vir nagraadse studie oor spesifieke onderwerpe insluit.
- Die hou van nasionale kongresse.
- Plaaslike projekte geloods deur kampustakke.


Polstu wil skakel met alle belangegroepe in Suid-Afrika wat daarin belangstel om te skakel. Daar sal ook gepoog word om volledige insig en kennis oor die werklikhede van die land te kry. Skakeling sal op beide formele en informele wyse plaasvind. Daar sal dus ook van lede verwag word om skakeling in hulle gebiede op 'n informele wyse te doen. Die nuusmedia sal te alle tye welkom wees by enige vergadering van Polstu.


Na afloop van die konferensie is ook 'n nasionale bestuur verkies waarvan mnr Piet Fourie van die PU voorsitter is. Die ander nasionale bestuurslede is mnre Renier Koegelenberg (ondervoorsitter, Stellenbosch), Pieter Naudé (sekretaris, Stellenbosch), Burgert Oosthuizen (penningmeester, Pretoria), Chris Swart (addisionele lid, Durban). Die redakteur van Polstu '80 is John van Breda van Stellenbosch.

Mnr Chris Swart is ook die voorsitter van die studenteraad van die universiteit vir Natal se Durbantak.


# Raadsvoorsitter se doelwitte vir 1980













**Piet Fanoy,** nuwe Korpsraadvoorsitter, sê sy doelstellings vir die nuwe termyn is om te dink aan terreinafbakening vir Korps self. Hy sal ondersoek instel vir die bestaansreg van Fokus, en wil 'n sterker klem laat val op terreine soos die studentelewe en sport.

Hy wil graag die werkverdeling meer eweredig laat geskied in die nuwe termyn. Oriëntering is noodsaaklik, maar kan ook 'n euwel word. Daar moet 'n gesonde oriëntering vir eerstejaars wees.

Die Groot Sweet was nie geslaagd nie. Te min mense was betrokke. Studente het Die Wapad gebruik vir die verkiesing.

Om die negatiewe beeld van PU te verbeter, moet daar skakeling met mense van buite wees. Persone moet na die kampus uitgenooi word om hulle te wys wat aangaan. Die eerste skakeling sal in September 1980 plaasvind. Foutiewe koerantberigte moet ook reggestel word.

Piet het drie probleme genoem waaraan hy aandag gaan skenk: — Hy wil Korps se beeld probeer verbeter deur middel van behoeftepeiling, naamlik hoe studente oor Korps voel en wat hul van Korps verwag.

— Hy wil probeer om uit teorie in die praktyk self te kom.

— Hy bepleit opleiding van die Raad self ten opsigte van kennis en vaardighede.

Dit help nie dat die Raad werk en die studente ondersteun dit nie. Ondersteuning is nodig sodat die Raad kan funksioneer. Dit sal waardeer word as kritiek verkry word, sodoende kan vasgestel word waar die probleempunte lê.

## Werner Eksteen

Een van mnr W Eksteen se hoofdoelstellings vanjaar sal wees om studente meer betrokke te kry by Politiese Raad se aksies. Hy glo dat daar beter skakeling moet wees tussen ISAP, Sentrum vir Internasionale Politiek, Afrikanistiek en die Raad self. Die genoemde liggame moet meer geleenthede vir studente bied tot akademiese, wetenskaplike en objektiewe, politieke selfondersoek. Juis deur samewerking kan die Politiese Raad vir die student meer geleenthede tot politieke deelname beding.

Die volgende leemtes word in hierdie stadium deur mnr Eksteen in die Raad se funksionering geïdentifiseer;

**Studenteparlement**

'n Meer verteenwoordigende stelsel moet daargestel word om beslissings te kan neem oor studente-politiek- en algemene sake. Dit sal 'n grondwetverandering ten opsigte van die taak en doel van Studenteparlement vereis.

**Kontakpolitiek**

Vanweë die feit dat geslote vergaderings deur hierdie liggaam gehou word, moet sy belangstellingslys hernu word, sodat studente wat in politiek belangstel 'n gelyke geleentheid sal hê om op versoek genooi te word.

**Politiese Perspektief en Puk Nota Bene**

Publikasies moet deur studente saamgestel word. Veral die kommentaar van Politiese Perspektief moet uitsluitlik deur studente gelewer word.

**ASB Studiekomitee**

Hierdie komitee moet poog om die ASB-lede aktief te betrek en moet ook kongresgangers en afgevaardigdes na die ASB-kongres deeglik oplei.

**Mnr Kierie du Randt,** van Kultuurraad se doelstellings vir die nuwe termyn is om alles aan te wakker. 'n Paar aksies word buite die PU gereël, soos 'n kersiefees by Ficksburg.

Hy wil graag meer gees en inisiatief in sy portefeulje skep. Mnr Du Randt is ten gunste van oriëntering, maar dit moet gekwalifiseerd plaasvind. Daar is altyd 'n paar mense wat oriëntering benadeel deur swak optrede. Oriëntering is baie belangrik — dit bou beslis gees en karakter.

Die Groot Sweet was nie geslaagd nie. Te min mense was betrokke. Die Raad was beperk tot twee vrae, en dit was te min. Die Wapad het ook nie geslaag om mense genoegsaam bekend te stel nie.

Omdat die PU 'n Christelike karakter het, moet mense 'n positiewe beeld stel. Verenigings, Kultuurraad en Alabama dra baie gewig om die beeld te bevorder. Alabama moet egter meer direk aan PU gekoppel word.

Hy glo aan betrokkenheid. Studente-organisasies moet meer vrye toegang tot die geriewe hê wat die PU aanbied, byvoorbeeld die ouditorium.

Afrikaanse kultuur soos Volkspele en Voortrekkers het 'n negatiewe tendens, maar moet teenoor ander instansies opgetel en bevestig word. Hulle beoog 'n inter-universitêre kongres om Afrikaner-kultuursake te bevorder.

Om die eerstejaarskonsert te verbeter, moet alle stukke voor keuring geplaas word. Om eerstejaars te betrek, moet oriëntering reg wees, dan is die gees reg. Eerstejaars ontwikkel 'n koshuis-trots en Puk-trots.

**Eugene du Plessis**

Die voorsitter van die Sportraad, mnr Eugene du Plessis, beoog om die Sportraad beter te organiseer en meer aandag aan koshuisligas te gee.

Verder beoog hy om beter betrokkenheid by studente te bewerkstellig. Die kwaliteit van sport sal verbeter sodra daar beter deelname is. Die tekort aan afrigters moet ook opgelos word.

Met oriëntering sal daar waarskynlik in die eerste week 'n bekendstellingsbyeenkoms gehou word.

Om die negatiewe beeld van die Universiteit te herstel moet beter reklame gedoen word en as die sportstandaard verhoog, sal die beeld ook herstel.

**Barend Kirsten**

Mnr Barend Kirsten, koshuisraadvoorsitter vir die nuwe termyn, beoog om groter samewerking tussen die HK-lede en die koshuisraad en die koshuisraad en die SSR te bewerkstellig.

Hy beoog 'n twee-weeklikse sitting tussen die Raad en die dagbestuur van die SSR en ook meèr as die agt vergaderings van die verlede tussen die HK-lede en die koshuisraad.

Mnr Kirsten hoop ook om in sy termyn beter samewerking te kry vanaf die kant van die koshuise wat betref die oriëntering van die eerstejaars in die begin van die jaar.

## Irma Jansen van Rensenburg

Daar word geen radikale veranderings in die Akademiese Raad vir die volgende termyn beoog nie. Die huidige stelsel wat gebruik word, is taamlik nuut en mettertyd sal daar noodwendig veranderings plaasvind.

Dit is die Akademiese Raad se strewe om die stelsel van klasverteenwoordigers te implementeer en om sodoende aan die studente akademiese inspraak te verskaf.

Die Raad wil ook meer aandag wy aan die opleiding van die leiers en lede van die Raad.

# Studente ná ontbloting gestraf

**DIE Dissiplinêre Komitee vir Studentesake van die Universiteit het besluit om twee studente van die PU te verban nadat hulle skuldig bevind is aan ontbloting in die openbaar.**

Die voorval het plaasgevind op pad na Bloemfontein waar die studente die Intervarsity tussen die PU en UOVS sou bywoon.

In die lig daarvan dat die saak openbare bekendheid geniet en dat daar herhaaldelik navrae daaroor aan die Universiteit gerig is, het die Dissiplinêre Komitee besluit om as antwoord die besonderhede bekend te maak. Die name word teruggehou sodat die skuldiges nie onnodig benadeel word nie.

In die afgelope tyd het die Komitee verskeie studente skuldig bevind en gestraf op aanklagte wat wissel van diefstal tot oneerlikheid tydens eksamens.

Om skuldiges nie verder te benadeel nie, maak die Dissiplinêre Komitee gewoonlik nie besonderhede oor die sake bekend wanneer dit moontlik is om skuldiges by die Universiteit te rehabiliteer nie. Die sake word afgehandel met die medewete en samewerking van die skuldiges se ouers en predikant.

Die rektor, drie lede wat deur die senaat van die Universiteit aangewys is en die dekaan van die fakulteit waaraan beskuldiges verbonde is, het sitting op die Dissiplinêre Komitee vir Studentesake.

Professor Rassie Smit, registrateur, het in 'n onderhoud gesê dat dit die Universiteit se beleid is om eerder te rehabiliteer as om weg te jaag.

Die Dissiplinêre Komitee word statutêr toegelaat om die volgende strafmaatreëls toe te pas: verbanning van die Universiteit, uitsluiting vir 'n bepaalde tydperk, skorsing van klasbywoning, 'n geldboete en 'n waarskuwing.

Na aanleiding van strawwe wat in die verlede opgelê is, blyk dit dat 'n jaar se werk gekanselleer word na oneerlikheid in 'n eksamen; en die vak verbeur word ná oneerlikheid in 'n toets.

Studente wat skuldig bevind word, kan appèl aanteken by die Raad of Senaat, volgens oordeel van die rektor. Aangeklaagdes kan bygestaan word wanneer hulle sake aangehoor word. Die Senaat of Raad kan vorige beslissings bekragtig, wysig, verwerk of terugverwys.

Vanjaar het daar nog net tien sake onder die aandag van die Dissiplinêre Komitee gekom. Drankmisbruik was nooit die hoofrede nie, maar het in ander sake ter sprake gekom.

# Koshuisgelde moontlik verhoog

**KOSHUISGELDE vir inwoning in 'n universiteitskoshuis van die PU vir CHO is nog van die goedkoopste in die land. Die losiesgeld vir die afgelope twee jaar het R720 per jaar per student beloop.**

Die koshuisbegroting vir 1980 is egter reeds ver oorskry as gevolg van die geweldige prysstygings wat in die loop van die jaar ingetree het. Sou die losiesgeld vir aanstaande jaar onveranderd bly, is die logiese gevolg 'n groter tekort.

Die losiesgeld vir 1980 is R720 waarmee daar vir 260 dae volle inwoning voorsien word. Dit stel 'n bedrag van R2,76 per dag per student tot beskikking van die koshuisadministrasie vir dienste wat gelewer moet word.

Sowat tagtig persent van die genoemde uitgawes is vaste uitgawes, waarvoor daar nie minder begroot kan word nie. Verder word nie een van bogenoemde items deur die Departement Nasionale Opvoeding gesubsidieer nie.

Die werklike verbruiksyfer per dag lyk so:

| Item | % | Van R2,76 |
|---|---|---|
| Kosware | 39,19% | R1,18 |
| Brandstof | 2,66% | ,08 |
| Skoonmaakmateriaal | 3,54% | ,11 |
| Lone | 8,75% | ,26 |
| Krag en water | 2,00% | ,06 |
| Wassery | 3,45% | ,10 |
| Herstelwerk: geboue | 5,14% | ,15 |
| meubels | 2,15% | ,06 |
| Salarisse | 8,91% | ,27 |
| Administrasie | 3,28% | ,10 |
| Rente en huurgeld | 20,93% | ,63 |
| | 100% | R3,00 |

Daar is dus vanjaar reeds 'n daaglikse tekort per student op die totale begroting. Mnr Coetzee het egter beklemtoon dat daar ten spyte van dié feit vir die res van die jaar nie op die gehalte of hoeveelheid kos ingeboet sal word nie.

'n Rasionaliseringsprojek om besparing in alle opsigte in die hand te werk, is in wording. Daar sal binnekort deur die Raad van die Universiteit aangekondig word wat die koshuisgeld vir aanstaande jaar sal beloop.

Mnr. Coetzee sê dat studente in 'n groot mate self vir baie van die uitgawes verantwoordelik is. Daar is vanjaar byvoorbeeld reeds om en by R9 000 se eetgerei uit eetsale en koshuise gesteel.

Die skerp styging in voedselpryse, veral in die afgelope paar maande, het ook 'n geweldige invloed op die losiesgelde. Vleis, wat 32 persent van die koste van die spyskaart uitmaak, het met 46 persent gestyg. Daar is 'n gemiddelde styging van 25 tot 30 persent in ander voedselpryse.

Aangesien losiesgeld in die begin van 1978 laas aangepas is, is dit 'n logiese gevolg dat aanstaande jaar se losiesgeld vir koshuisinwoning by stygende pryse aangepas sal moet word.


MODEL-SKOENW!NKEL —

CHECKERS-SENTRUM

en

SKOENSENTRUM —

KERKSTRAAT

Vir die jongste modes in skoene



OIP-105113

die WAPAD

# PU-koshuise

Die koshuise is die tuiste van 'n groot deel van ons studentegemeenskap. Daarom moet die omstandighede in die koshuise van so 'n aard wees dat dit 'n kerngesonde koshuislewe as resultaat het wat die atmosfeer skep vir ongestoorde aandag aan die akademie en voortdurende deelname aan studente-aktiwiteite.

Daar is veral twee faktore wat 'n bydrae daartoe kan lewer:

- Die handhawing van orde, die skep van 'n gesonde Pukgees en die totstandkoming van 'n akademiese atmosfeer in die koshuise. Dit hou in dat elke inwoner soveel vryheid geniet as wat moontlik is sonder dat dit inbreuk op 'n ander se vryheid maak; die skep van 'n koshuisgees sonder dat Pukgees en -lojaliteit 'n tweede prioriteit word; en die deelname aan studente-aktiwiteite sonder dat die belangrikste, die akademie, agterweë gelaat word.

Dit is die verantwoordelikheid van die nuutverkose huiskomitees om toe te sien dat hierdie doelstellings bereik word. Daarom moet hulle enersyds kan staatmaak op die vertroue en lojaliteit van elke koshuisinwoner, en andersyds moet daar doeltreffende samewerking tussen die verskillende koshuise wees in die Koshuisraad.

- Die voorsiening van geboue en toerusting en die skep van omstandighede in die koshuise wat dit so gerieflik as moontlik maak vir die inwoners. Die uitgebreide verslag oor koshuisaangeleenthede wys daarop dat 'n groot persentasie van die koshuisinwoners gelukkig is met die huidige stand van sake, maar wys ook op klein dingetjies wat krap en dinge wat verder kan verbeter. As mens kyk na die verbeteringe wat oor die afgelope jaar aangebring is, dan kan mens nie anders as om met groot verwagting te kyk na die impak wat die verslag op die koshuislewe gaan hê nie. Dit, saam met die stygende lewenskoste, sal egter noodwendig aanpassings in die koshuisgelde meebring.

# Uit die Woord

## Gen. 3:1 — 24

Die Here het sy skepping en sy kinders lief. Geen mag van Satan kan God se kinders uit sy hand ruk of hulle van hulle eindbestemming beroof nie.

As Satan met sy verleiding slaag en die mens uit swakheid die goeie weg nie bewandel nie, dan soek God in liefde en genade die sondaar op. **God vra vrae wat veronderstel dat die mens wegkruip.**

God het die inisiatief geneem en die mensepaar opgesoek — "waar is jy?" Alles het vreedsaam in die tuin gelyk, maar die mensepaar het hulle tussen die bome van die tuin verberg, want hulle het gesondig — hulle het sy proefgebod (2:16, 17) oortree.

*Die slang het twyfel in die vrou se hart gesaai* — hy bevraagteken God se Gebod (v 3). Die slang het die vrou verder verlei deur te sê dat daar hoegenaamd geen grond is om die dood te vrees nie, maar dat, as hulle van die vrug eet, hulle oë sal oopgaan — hulle sal soos God wees (v 5).


Haar besluit is egter fataal — "sy neem van sy vrugte en eet" (v 6). In dié daad geskied die onherstelbare: die sonde wat die mens nie ongedaan kan maak nie. Sy gee ook aan haar man en hy het geëet (v 6).

Die mensepaar het gesondig. So verlei Satan ons ook met sy valse voorstellinge; hy plant twyfel en ongeloof in ons hart; hy geniet dit as ons ons roeping versaak — so trek hy ons van God weg en sodoende raak ons van God vervreem.

Dit is ook vandag God wat die inisiatief neem om die sondaar wat wegkruip, op te soek: Hy roep die sondaar deur die verkondiging van sy Woord om hom te bekeer — "waar is jy?, "wat het jy nou gedoen?" Hy eis verantwoording van die mens. Vir God kan ons niks wegsteek nie, nog minder wegkruip! Hy wil dat elkeen sy eie skuld bely.

Deur Jesus Christus het God oorvloedige genade in die wêreld uitgestort. Hy het in die wêreld gekom en Satan oorwin. Hy beskerm sy volk teen elke bose mag.

Die Here het ons swakhede tegemoet gekom: Hy het sy Heilige Gees uitgestort sodat ons nie meer sal wegvlug vir ons sonde-erkennin en belydenis nie, maar met erkenning daarvan kan vlug na Christus. Wees eerlik in jou eie hart, bely jou sondes voor die Here en soek genade by Hom. Vlug van sonde en ongeregtigheid — is uit dankbaarheid.




- *In die verslag van die kommissie aangaande koshuisaangeleenthede blyk dit dat 970 van alle koshuisinwoners gelukkig is met die huidige omstandighede in die koshuise.*

# Chemiese wapens: 'n Bedreiging vir die mensdom

**Johann Walters**

**WEET u presies hoe naby die wêreld aan 'n derde wêreldoorlog is? Die sekretaris van die Verenigde Volkeorganisasie, dr. Waldheim, meen wel dat die wêreld nie op die vooraand van 'n Derde Wêreldoorlog staan nie, maar vermeld tog dat sekere aspekte kommer wek. Die wêreld staan in aangesig tot aangesig met grootskaalse opbouings van chemiese wapentuig. Raak dit u?**

Ons as studente is oorspoel met alle nuwe verwikkelinge in ons spesialiteitsgebied; met studentepolitiek; Franse rugbytoer en vele meer. Dit is alles goed en wel, maar watter deel van ons daaglikse lewe neem internasionale politieke verwikkelinge in beslag? Is u bewus daarvan dat die wêreld tans 37 miljoen dollar per dag meer aan wapentuig bestee as in 1979? Dit ten spyte van hongersnood in twee derdes van die wêreld. Weet u dat die Verenigde State van Amerika beskik oor 50 ton BZ wat genoeg is om 4000 miljoen mense binne 'n paar dae in 'n staat van verdowing te laat. Is u bewus daarvan dat alle verklaringe daarop dui dat rusland chemiese wapens in Afghanistan gebruik?

Hierdie nuwe ontwikkelde gifgas vergelyk nie met die mosterdgas van die Tweede Wêreldoorlog nie. Dit is baie meer giftig. Slegs 'n druppel van hierdie senu-aantasbare gifgas op jou vel is genoeg om die dood te laat intree. Hierdie nuwe ontwikkelde gifgas — "Sarin", "Soman" en "vx", tas die chemiese samestelling van die senustelsel aan. Dit beïnvloed dus die senustelsel wat prikkels na en van die brein gelei. Volgens die **Scientific American** veroorsaak hierdie gifgas intense sweting, brongiale vernouing, swakker visie, onbeheerbare gebraak en ontlasting. Alles dui daarop dat 'n inarginale aanraking met hierdie gifgas verlamming en swak senuwerking tot gevolg kan hê. Die **Scientific American** berig verder dat hierdie gifgas in staat is om onbeskermde persone tot sover as 26 kilometer binne 'n radius van 52 kilometer senuaandoening te laat ondervind.

## Magstryd tussen supermoonthede

Elkeen van die wêreld se supermoondhede beskik oor uitgebreide voorrade chemiese wapentuig. Militêre beplanners het aanvanklik gereken dat hierdie gifgas onder sekere toestande te vinnig sal verdeel, sodat dit nie as 'n goeie wapen kan dien nie. Ná die Tweede Wêreldoorlog het gifgas beperkte belangstelling geniet. Eers sedert 1973 het Westerse militêre offisiere daarvan bewus geword dat Rusland met 'n grootskaalse opbouing van gifgas besig is. Laasgenoemde het daarin geslaag om die sleutelprobleem van verdeling te oorkom en kan die "improved nerve gas" meer geredelik beheer word.

Vandag besit die Verenigde State van Amerika drie miljoen grofgeskut van "sarin" en "vx", 'n paar duisend gasbomme en duisende senu-aantasbare landmyne. Dit is tesame 150 000 ton gifgas waarvan twee-derdes van die nuwe gifgas is. Westerse militêre offisiere glo dat Sowjet-Unie vele maal meer chemiese wapentuig besit as die Amerikaanse voorraad. Sowjet-Unie het meer as 100 000 opgeleide soldate wat chemiese wapentuig kan hanteer.

In praktiese oefening beweeg Russiese divisies deur 'n veld van lewendige "nitrogen" mostergas. Voorts beskik Sowjet-Unie oor 37 fabrieke wat chemiese wapentuig vervaardig. Die Daily Telegraph berig uit Londen dat elke divisie van die Sowiet-weermag toegerus is met chemiese wapentuig. Dit berig ook dat alle nuwe oorlogskepe toegerus is met hierdie wapentuig.

## Die inval in Afghanistan

Afghaanse vlugtelinge het al by verskeie geleenthede vermeld van gifgas-aanvalle in Afghanistan. Volgens dié verslae is dit chemiese bomme wat in die bolug ontplof en 'n rookskerm nalaat wat blindheid en verlamming saai.

Dié chemiese wapens is effektief in die beweging van guerillas in die gebergte van Afghanistan. (Soortgelyke toestande bestaan aan die grense van Suidwes-Afrika.) Gifgas is nie die eerste keer in Afghanistan gebruik nie. Volgens verklarings het Viëtnamese vliegtuie verskeie gifgasbomme oor die Meo vallei in die Viëtnamese oorlog neergelaat.

## Die steek van 'n skerpioen

Jeff Calkins van die Worldwide Church of God verbind hierdie nuwe verwikkelinge aan die profesie in Openbaring 9. — "Toe het daar uit die rook sprinkane oor die aarde uitgeswerm. Aan hulle is dieselfde vermoë gegee as wat skerpioene op die aarde het. Hulle is aangesê om nie die gras van die aarde, die plante en die bome te tref nie, maar net die mense wat nie die seël van God op hul voorkoppe het nie. Hulle is nie toegelaat om die mense dood te maak nie, maar wel om hulle vyf maande lank te pynig. In daardie stryd sal die mense die dood soek en dit nie vind nie; hulle sal verlang om te sterwe, maar die dood sal hulle ontwyk". Volgens Calkins verwys hierdie profesie na die gebruikmaking van helikopters by die verspreiding van die senu-aantasbare gifgas. Die feit dat die gifgasbomme nie die omgewing beskadig nie (vergelyk 'n atoombom) strook met Calkins se interpretasie. Dit is ook nie al die chemiese wapens wat dodelik is nie. Baie is soos wat militêre offisiere dit noem, "incapacitants". Dit kan ylhoofdigheid veroorsaak, interne bloeding en mislikheid sonder noodwendige dood. Of dié interpretasie van Calkins waterdig is, is 'n ope vraag.

Wat ons ons as Suid-Afrikaners moet afvra, is wanneer die gifgasse teen Suid-Afrikaanse troepe gebruik sal word. Vir ons as landsburgers staan daar in hierdie verband min te doen. Wat ons wel kan doen, is om met groter verantwoordelikheid deel te neem aan die politiekvoering in Suider-Afrika en nie net op te tree as beoordelaars van linkse of regse politici nie.

# Lawaai skep probleme

**UIT die verslag van 'n kommissie oor koshuisaangeleenthede blyk dit dat die grootste ontevredenheid spruit uit die lawaai in die koshuise, die ontruiming van kamers voor vakansies en die losiesgelde wat te hoog is. Sowel koshuisinwoners as dorpstudente het hoofsaaklik hierdie redes aangedui vir hulle ontevredenheid.**

Die bevindings van die verslag is gebaseer op 'n steekproef van ongeveer tien persent van alle voltydse voor- en nagraadse studente aan die PU vir CHO. Die kommissie het hom ook baie duidelik vergewis van die wetenskaplikheid van die verslag en het sy tipe navorsing sowel as sy metode van steekproefneming baie duidelik uiteengesit.

Wat algemene redes betref, het koshuisverlaters in volgorde van belangrikheid onder meer aangedui dat daar te veel lawaai in die koshuise is, die lewe buite die koshuise rustiger is, senior studente nie meer erg het aan die koshuislewe nie, klagtes oor die kos, 'n gebrek aan privaatheid en dat hulle moeg geword het vir die koshuislewe.

In 'n aanduiding van watter koshuisreëls onaanvaarbaar was vir die koshuisverlaters, het vyf-en-twintig persent die ontruiming van kamers genoem.

Ten spyte van die feit dat sewe-en-negentig persent van die koshuisinwoners gelukkig is, het hulle nogtans redes aangedui vir moontlike ongelukkigheid. Te hoë koshuisgelde is hier weereens deur die meerderheid as die belangrikste rede aangevoer.

Waar daar ingegaan is op koshuisreëls, het geblyk dat die ontruiming van kamers voor vakansies, die feit dat dans verbode is, die uittekenstelsel, die beperking op laataande vir dames en die kleredragreëls op Sondae die belangrikste redes vir ontevredenheid is.

Vervulling van koshuispligte deur eerstejaars is 'n belangrike rede vir ontevredenheid, veral as in ag geneem word dat die grootste groep koshuisverlaters slegs ses maande of minder in die koshuis woonagtig was.

Daar is bevind dat die Universiteit noodwendig hoë prioriteit moet gee aan sy koshuise, veral gesien in die lig dat nege-en-negentig persent van die koshuisinwoners verder as tweehonderd kilometer van die Universiteit af woon, en sonder losiesgeriewe ter plaatse nie aan die Universiteit kan studeer nie.



● *Op Woensdag 10 September het lede van die Wapadredaksie besoek gebring aan die Klerksdorp Rekord. Die nuwe redaksie het dit interessant gevind om te sien hoe die drukproses verloop.*

# Redaksie besoek drukkers

**LEDE van die nuwe redaksie van Die Wapad het op Woensdag 10 September 'n besoek aan die drukkers op Klerksdorp gebring.**

Die groep is deur 'n gids deur die drukkery geneem en het na al die prosesse gekyk wat 'n koerant ondergaan voordat dit verskyn. Daar is ook gekyk na die afdruk en vergroot van fotos en metodes en masjiene wat vroeër gebruik is.

Daarna het die groep gehelp met die proeflees van die vorige uitgawe van Die Wapad.

Daar sal voortaan elke Woensdag 'n groep Klerksdorp toe gaan om met die proeflees van die koerant te help.

# Nuwe lig op oriëntering

**IN Mei 1980 is 'n omvattende vraelys oor oriëntering opgestel wat deur die eerstejaars in die koshuise ingevul is. Die betroubaarheid van die vraelys is gegrond op wetenskaplike ondersoek en die anonimiteit van die eerstejaars.**

Uit die jaarverslag van die **adjunkvoorsitter blyk** dit dat 86% van die eerstejaars meen dat oriëntering in sy huidige vorm behoue moet bly.

**Die meerderheid eerstejaars** (87%) is van mening dat oriëntering in die koshuise 'n positiewe doel dien en dat dit behou moet word. 20% meen dat hulle akademies beter sou presteer as daar geen oriëntering was nie.

**'n Groot persentasie eerstejaars het aangedui dat hulle aan voortgesette oriënteringsaksies onderwerp is.**

**Dit blyk** uit die ondersoek dat 60% van Hombré se mans wat eerstejaars georiënteer het, na drank geruik het.

Die meerderheid eerstejaars in Caput (57%) meen dat die stelsel van tug in hulle koshuis nie regverdig is nie, terwyl 73% van die eerstejaars oor die algemeen meen dat die bestaande stelsels van tug in hulle koshuise billik en regverdig is.

Die volgende eerstejaars sê hulle het na oriëntering persoonlike dienste vir seniors verrig: 67% in Hombré, 100% in Uitspan, 86% in Heimat en 74% in Liberalia.

Die meerderheid eerstejaars (82%) meen dat die LO-program wat in die oggende tydens oriëntering gevolg is, geslaagd was en dat dit in die toekoms nog gevolg moet word.

Die meerderheid eerstejaars (70%) meen dat daar sin is in die aanspreekvorm van die seniors en dat die behoue moet bly.

# Datums

**September**

15 Maandag: Leipoldtaand deur Dept. Spraakleer en Drama en SA kunsakademie.

17 Woensdag: 19h30 Afrika Seminaar

08h30: Praktykdag Opvoedkunde.

19h30: Dameskring bied werke van Leipoldt in konserwatorium aan. Volkspele.

18 Donderdag: 20h00: Collegium Musisum-wenners tree op in konserwatorium.

20 Saterdag: 20h00: Rudi Neitz tree op in ouditorium saam met die Trukkoor.

# Rekensentrum se oop dag lok duisende

**DIE tweede jaarlikse Oopdag-Rekenaarsuitstalling is op 10 September in die Natuurwetenskappe-gebou gehou.**

Mnr A J Smith, die direkteur van Rekenaarsdienste aan die PU, het in 'n onderhoud met Die Wapad gesê daar is besluit om die uitstalling vanjaar weer te reël, na aanleiding van die sukses wat die projek verlede jaar behaal het.

Die primêre doel van die uitstalling is om die belangstelling in die rekenaarbedryf onder die algemene publiek van die Wes-Transvaal en omgewing aan te wakker en om nuwe tegnieke in die bedryf bekend te stel. Statistieke toon dat 49 persent van alle mense met 'n rekenaar werk of dat 91 persent van alle mense op die een of ander manier met 'n rekenaar, direk of indirek, te make het.

Indiwidue en skoolgroepe is spesiaal uitgenooi, maar die uitstalling is oopgestel vir alle belangstellendes binne en buite die universiteit.

Agt verskillende rekenaarverskaffers is uitgenooi om hulle nuutste produkte en tegnieke te kom bekendstel en demonstreer.

Mnr Smith is oortuig dat die belangstelling elke jaar verbeter en dat die 1000 besoekerstal van 1979 vanjaar verdubbel is. Hy beoog om die uitstalling 'n jaarlikse instelling te maak, want dit kanaliseer bestaande belangstelling en die praktiese illustrasies stimuleer die denke.

Mnr Smith sê hy is teleurgesteld in die gebrekkige belangstelling aan die kant van die studente van die Ekonomiese Wetenskappe, veral omdat dit nie tred hou met die resente vooruitgang van die rekenaarsbedryf in die handel nie.

# Sportafrigting vir plaasskole

**SGD het begin met 'n nuwe projek waarin hulle sportafrigting vir plaasskole organiseer.**

Op hierdie stadium word slegs sokker en netbal beoefen, maar daar word beoog om hierop uit te brei en later ook ander sportsoorte af te rig. 'n Groot aantal bereidwillige persone is nodig om die onderneming te laat slaag. In hierdie verband doen mnr Fourie 'n beroep op die studente om hulle vir die diens aan te meld.

Die enigste vereiste is gewilligheid — geen ervaring op die gebied van afrigting is nodig nie, aangesien die skoliere 'n geweldige agterstand op die gebied van sport het.

Uit bogenoemde onderneming het nog 'n projek voortgespruit. Omdat die onderwysers op genoemde plaasskole akademies nie heeltemal op standaard is nie, is daar besluit om 'n Somerskool vir hulle te reël waarin hulle meer van weerbaarheid en noodhulp te wete kan kom. Die Somerskool word in samewerking met die Weermag aangebied.

# Voetslaanpad langs Mooirivier

**DAAR word tans druk beplan en beraadslaag oor die oopstel van 'n voetslaanpad langs die Mooirivier.**

Volgens dr M L Hugo van die departement Geografie, beoog die Stadsraad van Potchefstroom om 'n wandelpad al langs die Mooirivier vir die publiek oop te stel. Die beplanning word gedoen in samewerking met die departement Geografie aan die PU. Die departement is tans besig om die hele Mooirivieromgewing ekologies en geografies te ontleed sodat die eindproduk die moeite werd sal wees.

Dr Hugo sê hy kan nog nie met sekerheid sê presies waar en hoe lank die wandelpad sal wees nie, maar as alles volgens plan verloop, behoort die pad gedurende 1981 oopgestel te word.

# SSR kommentaar

**In hierdie rubriek word daar gepoog om 'n kritiese evaluering te gee van die werksaamhede van die SSR, eerstens om die massa op hoogte te stel van wat die SSR se werksaamhede is en tweedens om die SSR self aan te spoor tot groter werksaamheid.**

● Tydens die verslagvergadering van die ou SSR het die vergadering met teleurstelling kennis geneem van die swak jaarverslag van die Koshuisraad, waaruit duidelik blyk dat die Raad hierdie jaar feitlik glad nie gefunksioneer het nie en glad nie sy doel gedien het nie.

**Dit is swakhede soos hierdie in ons studentelewe wat telkens veroorsaak dat ons "die boot mis" by inspraak in oriënterings- en ander aangeleenthede. Ons vertrou dat die nuwe SSR ferm sal optree in aangeleenthede soos hierdie, sodat ons nie by die beplanning van Oriëntering 1982 weer op die kaai sal waai nie.**

● Vanweë die bedanking van mnr Sorgdrager as SSR-lid vir Ontspanning, kon daar onder die portefeulje Ontspanning geen verslag gelewer word nie.

**Daar word gereeld op SSR-vergaderings mosies aangeneem met betrekking tot dans. Dit is baie jammer dat hierdie portefeulje verwaarloos moes word, aangesien daar werklik behoefte is aan meer ontspanningsgeleenthede en -geriewe. Ons is dankbaar dat die nuwe SSR-lede bewus is daarvan dat die veld in hierdie opsig nog braak lê.**

● Mnr Josef Krüger is bedank vir besondere harde werk in die hersiening van die SSR-konstitusie, mnr Fanie Haasbroek vir die bekwame wyse waarop hy die SSR se finansiële posisie behartig het, mnr Gert Coetzer vir die uitmuntende werk wat hy gedoen het as sekretaris van die SSR en mnr Jan Botha vir uitstekende werk en inisiatief.

**Hierdie mense het 'n voorbeeld gestel aan die nuwe SSR wat beslis navolgingswaardig is. Ons vertrou dat die nuwe SSR die standaard net nog hoër gaan stel. — H.V.**

**Mooi meisies en blomme pas bymekaar.....**

Vir die roos van jou hart is daar:

VARS SNYBLOMME
RUIKERS
POTPLANTE
DROË RANGSKIKKINGS
KUNSBLOMME
ORNAMENTE, ens.

**huis & tuin**

Tomstraat 82b, Die Bult
Tel. 4641

# Studente doen te min vir hul geriewe




**GEAGTE REDAKTEUR**

**Ek was aangenaam verras om Danie Malan se brief in die Wapad van 22 Augustus te lees. Sy insig in die problematiek van borgskappe vir sport, en ander projekte spreek duidelik uit sy brief.**

Sakelui word gedurig genader vir bydraes tot verskillende projekte. My organisasie se beleid is steeds om 'n gedeelte van ons winste terug te ploeg in die gemeenskap. Ons beskou dit nie as 'n donasie nie, maar eerder as 'n belegging in die toekoms van hierdie mooi dorp van ons.

Ek is terdeë bewus van die behoefte by die Universiteit aan fondse om geriewe te skep vir studente om nie net akademies te ontwikkel nie, maar ook op alle ander terreine en sou graag meer wou doen om u te help met die daarstelling van hierdie geriewe. As verantwoordelike beampte van 'n groep maatskappye moet ek egter ook verantwoording doen aan my aandeelhouers en die bydraes wat gemaak word ekonomies regverdig.

Dit lyk egter asof studente somtyds te maklik aanvaar dat hulle nie veel hoef te doen om dit wat hulle benodig daar te stel nie. Daar word maklik aanvaar dat die studenteraad of ander komiteelede maar moet sorg dat die studente alles kry wat hy benodig. Hy is maar een van die massa en besef nie altyd watter voordele hy geniet nie — dink nie eers waar die geld vandaan kom wat dit daar stel nie — amper 'n soort van sosialistiese beskouing.

My organisasie het in samewerking met die Sentrale Studenteraad probeer deurbreek deur die student die geleentheid te gee om ook op 'n beskeie manier 'n bydrae te maak tot die voordele wat hy geniet. Ons konserwatiewe beraming was dat, bo en behalwe die R1 000 wat ter bevordering van die interkoshuissportkompetisie aangewend moes word, sowat R6 000 per jaar "verdien" kan word deur die SSR vir aanwending waar behoeftes bestaan.

Ons wil dit duidelik stel dat ons deur steeds oop staan vir onderhandelings.

**Johan van Rensburg: Adjunk Besturende Direkteur, Harold's Volkswagen.**

## Pukke is jammer

**GEAGTE REDAKTEUR**

**Hiermee bied K Grünschloss en H Fourie van Hombré verskoning aan die PU vir CHO vir die skending van die goeie naam van die Universiteit en sy studente, met die skuldigbevinding in die plaaslike landdroshof op die aanklag van diefstal van hoenders by twee plaaslike padkafees.**

**K GRÜNSCHLOSS EN H FOURIE**

## Sterkte met eksamens

Geagte redakteur,

As oud-student en mede-Puk wil ek net vir jul die beste en sterkte toewens met die eksamens wat kort voor lank op hande is. Ek bevind my tans in die operasionele gebied as deel van 31 Bataljon. In die Bataljon verrig ek my taak as skoolhoof van Omega-hoërskool. Dit is 'n besondere skool in die sin dat dit 'n Boesmanskool is.

Verder wil ek net aan die finale jaar onderwysstudente sterkte toebid vir die eksamens en aan manne wat volgende jaar nog hul diensplig moet voltooi, wil ek net sê: "Vasbyt is die antwoord ..."

LT. L.J. GROBLER



*● Die primaria vir 1981 van Kulu is Johlene Rens wat ook verlede jaar reeds op die H.K. was. Sy is besig met B.A.M.W. III.*



*● Peet Venter, Caput se primarius vir 1981, is 'n derdejaarstudent in elektrotegniese ingenieurswese.*

# Prims vir nuwe termyn



*● Dinki se nuwe primaria is Christien de Bruyn wat besig is met HOD II met hoofvakke Afrikaans, Noord-Sotho en Bybelkunde.*



*● Deon Lartz is die nuwe primarius van Heimat. Hy is op die oomblik besig met BA (prop) III. Deon is een van die PU se belowende toutrekkers.*



*● Cecile Coetzee, die nuwe primaria van Vergeet-my-nie doen volgende jaar HOD met Wiskunde en Bybelkunde as hoofvakke.*



*● Nick Nortjé, 'n puik Wes-Tvl.- en Puk-voorspeler is verkies as primarius van Liberalia. Hy is tans besig met sy B. Juris-graad.*



*● Elsie Yssel is verkies as primaria van Oosterhof vir 1981. Sy was reeds verlede jaar op die H.K. Elsie is hierdie jaar besig met B. Mus. III en beplan om volgende jaar H.O.D. te doen.*



*● Hombré se nuwe primarius, Lukas van der Merwe is 'n B Juris student en hy is van mening dat Hombré se Koedoebul diep spore op die kampus sal trap in 1981.*



*● Annie Bodenstein is verkies as Karlien se primaria vir 1981. Dit sal die tweede jaar wees wat sy op die huiskomitee dien. Sy voltooi vanjaar haar B.Sc.-graad en beplan om volgende jaar H.O.D. te doen.*



*● Heide se primaria vir 1981 is Landa Brand. Sy het reeds die afgelope jaar op die huiskomitee gedien en die portefeulje Sosiaal beklee. Sy is tans besig met B.A. III en beoog om aanstaande jaar H.O.D. te doen.*



*● Louise Prinsloo is verkies as Primaria van Kasteel vir die termyn 1980 – 81. Dit is haar tweede jaar wat sy op die huiskomitee dien. Sy was die afgelope jaar huiskomiteelid vir Blok F. Louise is 'n BA III student en doen volgende jaar haar HOD.*



*● Kobus Naude, 'n B. Com III student, is die nuwe primarius van Over de Voor. Hy wens al die nuwe Primarias en primarii sterkte toe en aan die manne van Over de Voor wil hy net sê dat die leeu volgende jaar weer op die kampus sal brul.*



*● Connie Jacobs is Wag-'n-Bietjie se primaria vir 1981. Dit sal die tweede jaar wees wat sy op die huiskomitee dien. Sy voltooi volgende jaar haar B.Bibl.-graad, met hoofvakke Kultuurkunde, Biblioteekkunde en Inligtingkunde.*



*● Makouvlei se primarius vir 1981 is Japie van Rensburg. Hy is tans besig met B. Farm. III. Hy is 'n kranige sportman en was in 1978 kaptein van Wes-Transvaal se O/20 rugbyspan.*

**Oulike koppies vir sleeptyd**



en ta le ander aardigheidjies om 'n eerstejaar se kamer interessant te maak. Rakke vol van die oulikste goed om 'n dierbare maat se hart bly te maak. Net langs die INSLEEP-KAFEE.

**Insleep** -geskenkwinkel Gift Shop
TOMSTRAAT 100 TELEFOON 2-1033

**guys & dolls**

vat dit kop toe!





Kom ons stel jou voor aan 'n nuwe dimensie in haargolwing: UNI-PERM met pH-balans! Dit lyk nes natuurlike krulle! Geen kroes-en-knoop bossiekop nie! Nog goeie nuus van Guys & Dolls is lae, lae pryse net vir studente! Wees 'n IN-ding! Bly voor met die jongste haarmodes! Altyd tot u vriendelike diens! Die uwe,

GUYS & DOLLS, Tomstr. 82, tel. 8071.

# Groot fees op Amajubadag

**VOORSIENING word gemaak vir 10 000 mense by die honderdste herdenking van die slag van Amajuba op 28 Februarie 1981.**

Werkers van die Natalse Provinsiale Administrasie is reeds hard besig om die terrein om die herberg wat deur die PU op die terrein opgerig is gereed te maak.

Onder leiding van mnr C J C J van Vuuren van Yskor op Newcastle, is die Terreinkomitee ook besig om staanplekke vir woonwaens en 'n kampeerterrein waar 'n tentedorp opgeslaan gaan word, gereed te kry.

Elke tent sal van 'n elektriese lig voorsien word en kragpunte sal vir woonwaens beskikbaar wees.

Mnr Van Vuuren het ook gesê daar sal genoeg krane vir vars water wees.

Etes en ligte verversings sal op die terrein beskikbaar wees.

Vir mense wat nie in voonwaens of tente wil woon nie, sal die plaaslike komitee op Volksrust reëlings tref vir blyplek in hotelle of in private huise, en vir groepe by skoolkoshuise.

Busse sal mense wat in Newcastle tuisgaan, na die Amajuba-terrein vervoer.

Verskeie gedenkwaardighede wat by die herdenking te koop sal wees, word ontwerp. 'n Aantal publikasies word ook beplan oor die slag self en oor die Eerste Vryheidsoorlog.

'n Landwye vasvrawedstryd en redenaarskompetisie word ook gereël en die Natalse skole gaan 'n opstelwedstryd hou.

Die Noodhulpliga, die Rooikruis en die Weermag sal noodhulpdienste by die terrein verskaf.

Die Staatspresident, mnr Marais Viljoen, sal die spreker wees op die gedenkdag, Saterdag 28 Februarie 1981. Die reëlingskomitee het 'n interessante en aangrypende program gereël wat op die Afrikaans- en Engelssprekende dele van die bevolking gemik is.

Volle besonderhede oor die program sal mettertyd bekend gemaak word.

# Puk koop nuwe plaas

— Zelda Nel —

**'N lank-gekoesterde Puk-droom het onlangs werklikheid geword met die aankoop van die pragplaas "Nooitgedacht" aan die oewers van die Vaalrivier. Professor S J du Plessis, vise-rektor, en mnr Simon Geertsema, direkteur van Kampusdienste, is genader vir meer inligting aangaande die kopie.**

In 1952 het die Staat die plaas "Somerville" wat aan die vroeëre Departement van Landbou behoort het, aan die PU geskenk vir navorsingsdoeleindes. Volgens mnr Geertsema was dit egter nooit geskik vir hierdie doel nie. Geleë tussen Ventersdorp en Krugersdorp, is dit 'n baie groot plaas wat maar onontwikkeld gebly het.

Met die toestemming van die Departement Landboukrediet en Grondbesit is dit vroeër vanjaar verkoop en die geld is gebruik om 'n nuwe plaas, "Nooitgedacht", 28 kilometer vanaf Potchefstroom tussen Schoemansdrif en Scandinawiëbrug, aan te koop. Daar is op Nooitgedacht besluit omdat die moontlikheid vir navorsing daar aansienlik groter is, hoewel die 230-hektaar plaas baie kleiner is as Somerville. Ongeveer 'n kilometer hiervan is rivierfront, en die plaas leen hom dus uitstekend vir kursusdoeleindes vir studente. Daarom word daar tans gepoog om dit so gou moontlik in 'n kursusterrein te ontwikkel, sodat die PU die luuksheid van 'n vaste kampterrein vlugvoet as gevolg van die nuwe onderneming as 'n mens dink aan die hedendaagse hoë reis- en verblyfkostes wat aangegaan word met studentekampe.

Die plaas is aangekoop met 'n hele aantal bruikbare geboue daarop. Daar is 'n groot woonhuis en vyf woonstelletjies wat vroeër aan vakansiegangers verhuur is. Die twee tydelike opslaangeboue wat vroeër in die jaar agter die Administrasiegebou gestaan het, het reeds 'n nuwe heenkome op Nooitgedacht gevind. 'n Verdere ondersoek na die verblyfaspek duur nog voort. Daar word beoog om fasiliteite vir 100 studente beskikbaar te stel en wat die oprigting van nuwe geboue betref, word daar byvoorbeeld gedink aan 'n vergadering-cum-eetsaal sowel as kombuis- en toiletgeriewe.

Die voordele van 'n rivier naby so 'n terrein is ooglopend en menigvuldig. 'n Gedeelte van die plaas is juis onder besproeiing vanuit die Vaalrivier. Prof Du Plessis het die res van die plaas as "ranteveld" beskryf en gesê dat dit ideaal is vir stap- en ander ontspanningsdoeleindes.

Daar word tans gespekuleer oor die oprig van 'n wildwerende heining wat noodsaaklik is vir navorsing in die radio-opsporing van wild. As alles vlot verloop, behoort Nooitgedacht reeds volgende jaar studentevoete oor sy bodem te voel loop.

# Indeling vir karnaval

**Die indeling van koshuise vir Karnaval is seker een van die mindere aangename take vir die Dagbestuur, want almal kan nie altyd tevrede gestel word nie.**

**Ons het gepoog om vir Karnaval '81 nie 'n dameskoshuis te verdeel nie, omdat dit in die verlede een van die grootste kritiekpunte was.**

**Die plasing van die dorpskoshuise het ook heelwat kopkrap gekos, omdat elke koshuis 'n kans moet kry om saam met 'n dorpskoshuis Karnaval te hou.**

**Die indeling vir Karnaval 1981 is soos volg:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | Dinki | — | Liberalia |
| 2. | Heide | — | Klooster |
| 3. | Karlien | — | Hombré |
| 4. | Kasteel | — | Heimat en Uitspan |
| 5. | Klawerhof | — | Oppikant |
| 6. | Kulu | — | Villagers |
| 7. | Oosterhof | — | Makouvlei |
| 8. | Vergeet-my-nie | — | Amajuba |
| 9. | Wag-'n-Bietjie | — | Caput |
| 10. | Wanda | — | Over-de-Voor |

# Mense benodig vir sportafrigting

**DAAR bestaan tans 'n groot behoefte aan persone wat kan help met sportafrigting by Promosa.**

Hoewel Promosa goed op dreef is, is daar nog 'n paar sake waaraan aandag geskenk kan word.

Daar is 'n groot behoefte aan meisies wat by die Vroue-Organisasie-Vereniging wil aansluit. Die Kleurlingvroue het 'n behoefte aan leiding op hierdie gebied.

By die sportafdeling word baie persone benodig as afrigters. Daar word veral by krieket en atletiek gesoek na afrigters; asook by rugby, netbal en hokkie.

Die SGD doen 'n beroep op almal wat belangstel om hulle name by die SGD-kantore te kom opgee.

# Wapad het nuwe redaksie

**IZAK MINNAAR is die nuwe hoofredakteur van Die Wapad en word bygestaan deur die hoofsubredakteur Johan Victor en die nuusredakteur, Jeanne Fourie.**

**Die hoofredakteur is verantwoordelik vir die administrasie, die hoofsub vir nasien en bladuitleg en die nuusredakteur vir die nuusinsameling.**

**Die nuwe Wapadredaksie was reeds verantwoordelik vir die vorige uitgawe van Die Wapad.**



● *Mnr Izak Minnaar is die nuwe hoofredakteur van Die Wapad, wat deur die SSR aangestel is. Izak dien op die Wapadredaksie vanaf 1978.*

## REDAKSIE:

**KERNREDAKSIE:**
**HOOFREDAKTEUR: Izak Minnaar — 21576**
**HOOFSUB: Johan Victor — 23569/8841**
**NUUSREDAKTEUR: Jeanne Fourie — 6415**

### Nuusredaksie:

**Algemene Nuusredakteur:** Petro Malan — 4277/8
Senior verslaggewer: Gerda Snyman — 5806
Verslaggewers: Heletje Bezuidenhout — 22163/19; Eugene Gunning — 7840; Zelda Nel — 4277/8; John Potgieter — 3468; Hansie Vermeulen — 22229; Renatè Woithe — 4277/8; Essie Steyn — 4277/8. Manda Potgieter — 4277/8; Trudie Scholtz — 5211.
**Kunsredakteur:** Johan Myburg — 6668
Verslaggewers: Christien Hoffman — 22163/19; Jan Otto — 3468; Nicci Rousseau — 3214; Alta van der Werken — 3211; Rudolph Willemse — 8808/9
**Sosiale/Koshuisbladredakteur:** Elize Olckers — 22232/12
Verslaggewers: Gerda van Jaarsveld — 4277/8; Tertia Oosthuizen — 5316/7; Lynn Pretorius — 4277/8; Ansie van Pletzen — 3211/2
**Sportredakteur:** Griet Gräbe — 5316/7
Verslaggewers: Ilma Frylinck — 3211/2; Carina de Klerk — 22212/32; Herman de Villiers — 22024;
**Diepteberiggewing Redakteur:** Johan Walters — Tomstraat 26.
**Interuniversitêr Redakteur:** Marietjie Potgieter — 5316/7
**Hooffotograaf:** Thys Hart — 6256
Fotograwe: John Potgieter — 3468; Johan Victor — 23569; Jan Otto — 3468; Nicci Rousseau — 3214; Tertia Oosthuizen — 5316/7
**Spotprente:** Marina Benson — 22212/32; Hansie Vermeulen — 22229

**Supredaksie:**
Nasieners: Marthie Wessels — 7420; Zenta Swanepoel — 4277/8; Tertia Oostuizen — 5316/7; Lynn Pretorius — 4277/8
**Bladuitleg:** Helen Verbeeck ; Petro Malan — 4277/8; Zelda Nel — 4277/8; Marthie Wessels — 7420; Christien Hoffman — 22163; Marietjie Potgieter — 5316/7; Hansie Vermeulen — 22229.

### Administrasie:

**Advertensiebestuurder:** Jacques Pienaar — 3468;
Werwer: Herman de Villiers — 22024.
**Penningmeester:** Paul Smit — 3468
**Argief:** David Swanepoel
Die volgende poste is nog nie gevul nie: Verspreidingshoof, Sekretaris en verslaggewers.

# *Proefdiersentrum*

**TOESTEMMING is vir die oprigting van 'n proefdiersentrum van 'n half miljoen rand op die PU-kampus van die Departement van Nasionale Opvoeding verkry.**

Die bestaande sentrum met primitiewe fasiliteite is nie geskik vir hoëvlakse navorsing nie. Die nuwe sentrum sal beskik oor gesofistikeerde, asook gesteriliseerde ruimtes.

Klein soogdiere soos rotte, groter diere soos skape en ook reptiele sal vir die navorsing gebruik word.

Daar is nog onsekerheid oor die plasing van die sentrum, maar daar sal hopelik volgende jaar begin word met die oprigting van die sentrum.


**Die sleutel tot 'n goedkoper ryding is een van**



**ELCON MOTORS se gebruikte motors**

250 GOEIE, GEBRUIKTE MOTORS ALTYD IN VOORRAAD WAARUIT JY KAN KIES

ENIGE FABRIKAAT

SPESIALE AFBETAALVOORWAARDES VIR STUDENTE

Kom gesels met At Jacobs, Pieter Schimpers, Hennie van Rensburg, Piet Loubser, Frank Lewis of Duif Voges by RIVIERSTRAAT 82 of skakel 2-3886/7/8




# Krieketklub se nuwe bestuur is entoesiasties

**DIE krieketklub het baie hoë verwagtinge vir die nuwe seisoen. Die entoesiasme van die nuwe bestuur behoort aansteeklik te wees in die koshuise.**

Vir die eerste keer sal daar nou afrigting aan die koshuisspanne gegee word. Dit sal die taak van Syd Eckley wees. Oefeninge sal op Maandae, Woensdae en Vrydae om 16h30 plaasvind.

Met die personeelklub en studenteklub wat saamgesmelt het, sal daar nou drie PU-spanne gekies word. Die proefwedstryde het reeds Woensdag 17 September begin.

Die eerste vriendskaplike wedstryd word op 19 en 20 September op die Fanie du Toit-sportterrein gespeel. Die eerste span speel teen Oostelikes van Pretoria. Daar is 'n paar Noord-Transvaalspelers in Oostelikes se span en dus sal die PU-span sterk kompetisie hê. Die tweede en derde PU-spanne sal dieselfde dag teen mekaar speel.

Die nuwe bestuur van die krieketklub is:

| | |
|---|---|
| President | : J Coetzee |
| Voorsitter | : Prof D v d Merwe |
| Onder-voorsitter | : N Louw |
| Sekretaris | : A Markgraaf |
| Klubkaptein | : E v Wyk |
| Afrigters | : A Lass en G Moorcroft |

# Atletiek kom op dreef



● Saartjie de Villiers het die dameskyfwerp gewen met 'n afstand van 41,36 m. Sy het ook die spiesgooi gewen met 'n afstand van 33,96 m.

**DIE interkoshuisliga is weer in volle swang. Veral met die oog op die Mielieraad- S.A. Universiteite Dalrymple-kompetisie, verwag die bestuur goeie deelname.**

Die doel van die liga is om atletiek op algemene vlak aan die koshuise bekend te stel en om nuwe talent te ontdek. Daar is 'n groot tekort aan diepte in die klub en daarom wil die bestuur kyk of hulle die leemte kan aanvul deur middel van die koshuisliga.

Drie ligas word aangebied waarvan twee reeds afgehandel is. Die puntestand van die Koshuise op die stadium is:

| Dames | | Mans | |
|---|---|---|---|
| 1. Oosterhof | 650 | 1. Over de Voor | 1085 |
| 2. Dinki | 570 | 2. Amajuba | 945 |
| 3. Heide | 430 | 3. Hombre | 525 |
| 4. Karlien | 405 | 4. Caput | 505 |
| 5. Wanda | 300 | 5. Dawie du Plessis | 475 |
| 6. Kasteel | 260 | 6. Drakenstein | 350 |
| 7. Wag 'n Bietjie | 180 | 7. Klooster | 170 |
| 8. Klawerhof | 55 | 8. Villagers | 40 |
| 9. Vergeet my Nie | 20 | | |



● Cilliers Botha het in die koshuisatletiekliga goed presteer deur drie items te wen. Hy het die driesprong, 50 m en 200 m gewen en was tweede in die verspring.

# Ibbies wen uitklopbeker

**IBBIES het Saterdag die Otto-Uitklopbeker gewen toe hulle Klerksdorp met 30 — 23 gewen het. Die Ibbies het rustyd met 19 — 8 voorgeloop.**

Met die aanskoulike wedstryd wat die Ibbies teen Irawas gewen het nog vars in ons geheue, is dit dus glad nie verbasend dat die Ibbies vanjaar die twee belangrikste bekers in eerste-liga-rugby in Wes-Transvaal, gewen het nie.

Nico Häger het voor rustyd drie drie gedruk waarvan Willie van der Schyff een vervyf het en vier strafdoele behaal het. Na rustyd het Danie Linde nog 'n drie gedruk.

# Caput wen

**JANNIE VAN HEERDEN, kaptein van Caput, het Maandagaand nàdat hulle Over-de-Voor in die eindstryd met 9-5 geklop het, gesê dit is die span se nuwe bloktruie wat bygedra het tot diè groot oorwinning.**

Caput is nou die trotse houers van die Sharpe-skild wat deur Sharpe Electronics geskenk is. Hulle is deur 'n koshuisspan van Tukkies uitgedaag tot 'n wedstryd.

Vir Caput het Koos Joubert en Flip du Toit gaan druk en Nic Snyman met 'n doelskop geslaag.

Caput se afrigter, mnr Percy du Toit, 'n dosent aan die PU, het 'n reuse aandeel in Caput se oorwinning. Sy span se sprankelrugby, afronding en rotsvaste verdediging is 'n voorbeeld vir ander spanne.

Die uitslag van die wedstryd was tot aan die einde in die weegskaal. Caput het in geen stadium die wedstryd oorheers nie.

Van Heerden sê dis vandat hulle die nuwe truie dra dat hulle begin het met die lang pad van oorwinnings. Die eerste twee wedstryde in die ou truie het hulle altwee verloor. Dit was asof hulle 'n nuwe begin gemaak het.

Intussen het Caput se skitter-oorwinnings deur die seisoen ook 'n indruk op koshuisspanne van ander kampusse gemaak. Die kampioenspan van Tukkie-koshuise het Caput gedaag om Woensdag hier op die Fanie du Toit-sportterrein teen hulle te speel. Dit is nog nie bekend watter koshuis dit sal wees nie.

Caput was ook die enigste van twee koshuisspanne wat met die onlangse intervarsity teen Kovsies hulle wedstryd kon wen.

# Skerm uitslae

**Teleurstellend min deelnemers het Saterdag 13 September vir die PUK-Ope-Skermkampioenskappe opgedaag. Die Pukke was by verre in die meerderheid, maar het sterk kompetisie van ervare Springbokke gekry.**

Aangesien daar veral min dames opgedaag het, is in plaas van die normale vyfpuntgeveg 'n tienpuntgeveg gehou. So 'n geveg is veral uitputtend as beide die skermers tot die laaste bepalende punt gelykop veg.

**Die uitslae van die kompetisies was as volg:**

**Dames Floret:**
1. L van Zyl (Wits)
2. R van der Walt (PU)
3. N Hanekom (PU)

**Mans Epee:**
1. Rob Donaldson (UCT)
2. Tony Rademeyer (Tvl)
3. Douw Steyn (Vyfkamp — Springbok)

**Mans Floret:**
1. Gilbert Mccaul (Springbok)
2. Wim Dreyer (Tuks)
3. Mike Stafford (Springbok)



● Tydens die PU-Ope-Kampioenskappe in skerm het R v d Walt 'n tweede plek behaal in dames Floret. Die kampioenskappe het Saterdag 13 September in die groot Sportsaal van die Studentesentrum plaasgevind. N Hanekom van PU was derde.

# Trapkarklub beplan groot dinge

**DIE 1980 SAFUIS (Suid-Afrikaanse Federasie van Universiteits-Ingenieurstudente)- Trapkarreeks is agter die rug. Die PU-spanne kon slegs aan vier van die vyf wedrenne deelneem as gevolg van hoë vervoerkostes.**

Die wedrenne is gehou by: Universiteit van Stellenbosch, Universiteit van Pretoria, Universiteit van Kaapstad, Witwatersrandse Universiteit en Universiteit van Durban.

Drie spanne het PU verteenwoordig naamlik Over de Voor, Caput en PU-damespan. Daar is ongeveer negentig manspanne en tien damespanne wat by die reeks ingeskryf is. Over de Voor het twaalfde geëindig, Caput was twintigste en die PU-damespan het derde plek behaal onder die damespanne. Slegs die eerste tien plekke in die wedren verdien punte. Over de Voor het in drie van die vier wedrenne onder die eerste tien karre gelê.



● Christo Scholtz, voorsitter van die trapkarklub, prof Traart van der Walt (rektor), Rudolph Burger, penningmeester van die trapkarklub en prof Johan Claasen tydens die oorhandiging van 'n tjek van R2 500 aan die PU. Die geld sal aangewend word vir die bou van die eerste trapkarbaan in Suid-Afrika by die Fanie du Toit-sportterrein.